# Eldo-Gespreksgids

## 1 Sam. 3

Hoe weet ons as God ons roep? Of hoe weet ons as God met ons praat? *Samuel* het nie eers geweet dat God met hom praat in **1 Samuel 4–13** nie. So, hoe moet ons dan weet? Eerstens moet ons onthou: God praat nie net met ons oor groot goed nie. Hy praat nie net met ons as dit kom by jou roeping, soos wat jy eendag moet word nie, of met groot besluite wat jy moet neem nie, soos waar jy moet bly, watse skool of universiteit jy na toe moet gaan, en of jy hierdie pos moet aanvaar of nie. Nee, God is oral rondom ons en praat ook met ons oor alledaagse dinge.

Nou kom ons nou by die vraag van *hoe*: Hoe praat God met ons? Daar is verskillende maniere en die mees Sondagskool antwoord is natuurlik, die **Bybel**. God praat gereeld met ons deur wat in die Bybel staan. Dit kan wees wanneer mens net toevallig die Bybel enige plek oopmaak, of (en die is dalk die beter manier) wanneer mens net jou gewone daaglikse Bybelstudie hou. Buiten die Bybel kommunikeer God ook met ons deur **drome** of **gebeure** – gebeure waar alles net so perfek uitwerk, waar dit meer as net toeval kan wees, of (klein of groot) dinge wat gebeur waar mens God se hand in kan sien. God kan ook met ons praat deur **mense**, soos Eli vir Samuel gesê het dis God wat met hom praat, of deur **gevoel** - mens kry net daai gevoel van "dis God wat hier praat". Daar is 'n sekere egtheid daaraan wat jy net nie kan verduidelik nie. Of jy het 'n sekere **rustigheid** oor 'n sekere situasie of besluit – dit is ook hoe God met ons kan praat!



*Maar* die moeilikste is baie keer, nie om God se stem te hoor nie, maar *om te luister* na die opdrag wat Hy ons gee om te doen. Om soos Samuel die woorde te kan sê, *Hineni*, "Hier is ek, U dienaar luister." Nou hierdie Hebreeuse woord, *hineni*, beteken of verwys na die gewilligheid om met aksie te reageer op dit wat jou meester (of in die geval, God) vir jou sê om te doen. En elke keer as ons hierdie woord in die Ou Testament raak loop, is dit 'n geval waar 'n persoon *hineni* sê, en God hulle 'n opdrag gee wat nie juis van die maklikste is om te doen nie. Samuel moes, byvoorbeeld, vir Eli sê dat God hom en sy nageslag gaan straf vir hulle ongehoorsaamheid en onheilige gedrag. En soms vra God van ons ook so moeilike opdragte. Moeilike dinge om te doen. En hierdie dinge kan wissel. Dit is dalk om jou gedrag te verander: jou leefstyl, jou manier van praat, jou manier van sekere goed doen. Dalk te verander hoe jy met mense omgang: jou kollegas, werkers, familie, vriende, vreemdelinge, of mense wie dalk anders is as jy. Dalk is God se moeilike opdrag aan jou (jou *hineni*) om jou gedrag of gesindheid te verander en 'n lewe te leef wat Godgefokus is. Dalk is die moeilike opdrag om iets te doen of dalk iets vir iemand te sê. Jy is dalk bang oor wat die implikasies daarvan gaan wees, of weet nie waar jy die tyd gaan kry om dit te doen nie, of hoe dit gaan uitwerk nie. Of weet nie hoe die persoon gaan reageer nie, of hoe julle verhouding gaan lyk na jy dit vir hulle gesê het nie. *Hineni* in hierdie geval is dan om dalk moed bymekaar te skraap. Moed te kry en op God te vertrou dat alles gaan uitwerk of wat moet gebeur sal gebeur.

Wat ook al jou *hineni* mag wees, onthou net een ding: *God sal nooit van jou iets vra of vir jou iets sê wat teen sy karakter van liefde is nie. God is liefde en liefde is God, die twee kan nie van mekaar geskei word nie.*

## Gespreksvrae

1. Wat is "klein" alledaagse goed waarmee God al met jou oor gepraat het?
2. Hoekom moet ons (ongelukkig) soms versigtig wees as mense gebruik word as 'n middel, of "boodskapper" om met ons te praat?
3. Hoe kommunikeer God met jou persoonlik? Is dit ander maniere as die wat hierbo gelys word?
4. Het jy dalk al so 'n *hineni* oomblik beleef? Iets moeilik wat God van ons vra om te doen.
5. Hoekom is dit soms moeilik om dit te doen wat God van ons vra?

14/06/2024

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak